# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 13 NOVEMBER 2025

**HOUSE: 10:00**

**MOTIONS**

1. The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That, notwithstanding the provision of Rule 18, the hours of sitting on Thursday, 13 November 2025, shall be from 10:00 to adjournment.

2. The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That Mr Kobus Marais be appointed in terms of section 4(k) of the Castle Management Act, 1993, as the representative of the provincial legislature for the Western Cape to serve on the Castle Control Board.

3. Ms W F Kaizer-Philander: That the House, in accordance with Rule 119(1) of the Standing Rules, establishes an Ad-hoc Committee on Child Protection Reform to consider and develop legislative and policy proposals aimed at strengthening child protection and safety in the Western Cape, including reviewing the implementation gaps, legal frameworks and institutional arrangements identified in the Standing Committee on Social Development's Child Protection Multi-Stakeholder Engagement Report tabled in the House on 2 September 2025 (ATC 88 of 2025).

   The Committee shall, within its mandate, consult with relevant departments, organs of state, civil society organisations and experts to identify areas where provincial legislation, policy alignment or intergovernmental mechanisms may be improved to enhance the protection and well-being of children.

   The Committee shall consist of 11 Members, appointed in accordance with Rule 120 of the Standing Rules, with membership allocated as follows:
   Democratic Alliance – 6 Members
   African National Congress – 1 Member
   Patriotic Alliance – 1 Member
   Economic Freedom Fighters – 1 Member
   Smaller parties (National Coloured Congress, Freedom Front Plus, Al Jama-ah, African Christian Democratic Party and GOOD) – 2 Members

The Committee must report regularly to the House on its progress and submit a final report containing findings and legislative recommendations upon the conclusion of its work.

The names of the Members representing the aforementioned political parties must be submitted to the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament as soon as possible for publication in the Announcements, Tablings and Committee Reports (ATC).

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr B Petrus
Ms D R Stephens
Mr M K Sayed
Mr B N Herron
Mr M Booysen
Mr D W Bryant
Ms N D Nkondlo

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**EXECUTIVE STATEMENT – Mr A R Winde, Premier**

**MOTIONS *(Continued)***

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Ms W F Kaizer-Philander: The failure of the national government to address adequately the systemic issues that are leading to the spate of child killings in the Western Cape.

**ORDERS OF THE DAY**

1. Consideration of report of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters on the Public Administration Management Amendment Bill [B 10B–2023] (NCOP), dated 24 October 2025 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 116, dated 12 November 2025, p 425). (Ratification of final mandate.)

2. Consideration of report of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters on the Public Service Amendment Bill [B 13B–2023] (NCOP), dated 24 October 2025 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 116, dated 12 November 2025, p 425). (Ratification of final mandate.)

3. Consideration of report of the Standing Committee on Local Government, Environmental Affairs and Development Planning on the Independent Municipal Demarcation Authority Bill [B 14D–2022] (NCOP), dated 3 November 2025 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 116, dated 12 November 2025, p 426). (Ratification of final mandate.)

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr F Kamfer: That the House debates the ongoing housing crisis in Hanover Park.

**NOTICES OF MOTION**

1. Ms B M van Minnen: That the House notes with alarm and concern the discrepancies between the initial statement of the South African Police Service (SAPS) last week pertaining to the recent Bellville operation and arrests, and the official case docket relating to the incident; notes that the SAPS first reported 8 suspects arrested and 8 illegal pistols seized, yet the docket records only 6 suspects, 6 AK-47 rifles, and 6 pistols – raising serious questions about the integrity of case processing and chain-of-custody procedures; notes that this incident may be but one example of the current shortcomings in successfully processing serious incidents; further notes that, despite the seriousness of the arrests, the suspects were subsequently released, underscoring a systemic failure where arrests are not matched by successful prosecutions; acknowledges that illegal firearms continue to circulate freely in communities across the Western Cape, fuelling gang violence, extortion and murder, in part because the conviction rate for illegal firearm possession remains at a shocking 5%; recognises that, without proper follow-through – including thorough investigations, watertight case dockets, competent prosecutions and strong convictions all the way up the criminal value chain – even the most promising operations will fail to deliver a lasting impact and instead offer only short-lived relief; and calls for urgent police reform, including the devolution of policing powers, to ensure provincial oversight and accountability, to prevent such failures of process from recurring and to restore public trust in the justice system.

2. Ms B M van Minnen: That the House notes with deep concern that it has now been 21 days since the Acting Minister of Police, Firoz Cachalia, demanded a resourcing plan for the 13 priority South African Police Service (SAPS) precincts in the Western Cape – and yet no such plan has been delivered; further notes that, in this time, additional children have fallen victim to gang-related violence on our streets, as organised criminal networks continue to operate with impunity while critical crime-fighting resources remain absent; acknowledges that approximately 90% of gang-related murders in South Africa occur in the Western Cape, yet the SAPS has failed to bolster its presence in the province – with police personnel numbers declining from nearly 20 000 officers in 2016 to just 18 000 in 2022, despite a population increase of 11,8% over the same period; therefore calls for the following urgent actions: that the SAPS immediately table and implement a comprehensive resourcing plan for the Western Cape’s top 13 precincts, as already requested by the Acting Minister and that capable municipalities, with a proven track record in implementing localised safety solutions, be granted the powers and funding necessary to scale their efforts and assume a greater role in local law enforcement; and affirms that this House will not stand by while bureaucratic inaction continues to place the lives of innocent residents at risk.

3. Ms B M van Minnen: That the House notes and welcomes the support expressed last week by the Official Opposition in a motion to the Western Cape provincial government; further notes the call by the Official Opposition for urgent, coordinated action from law enforcement, government departments and community structures to address the safety crises facing the people of the Western Cape; further notes their call for strengthened policing strategies, improved intelligence operations, support for vulnerable communities and preventative interventions; acknowledges that much of this falls squarely within the mandate of the SAPS and the national government, and therefore outside the constitutional mandate of the provincial government; therefore welcomes the evident change of heart by the Official Opposition, as reflected in their motion; and urges the national ANC

government to follow the lead of their provincial counterparts by clearly supporting the call for the devolution of certain policing powers to the Western Cape.

4. Mr T C R Walters: That the House notes the recent visit by the Premier of the Western Cape to the United States of America; notes the recent visit of the Minister of Infrastructure to Brazil; further notes that these visits have the potential to yield tangible benefits for both the Western Cape and South Africa; acknowledges that these visits underscores the constructive manner in which the Western Cape Government has worked closely with the national government to advance opportunities that contribute towards building a better South Africa; and resolves that the House looks forward to receiving a full briefing on the visits in accordance with Rule 146 (Executive Statements) of the Standing Rules of the Western Cape Provincial Parliament.

5. Prof N Mbombo: That the House notes the decisive action taken by the Western Cape Department of Mobility under the leadership of Minister Isaac Sileku in closing dangerous taxi routes where violent clashes occurred between rival associations, Codeta and Cata; further notes that the Minister acted within his clear legal mandate, as set out in the National Land Transport Act, to prioritise the safety of commuters, and that, despite Codeta's claims in court of financial loss, which is understandable, no official complaints have been received regarding commuters being stranded, robbed or unable to reach work, as alternative safe transport arrangements were swiftly implemented; acknowledges the Department's commitment to putting the lives and safety of commuters first; commends the DA-led Western Cape Government for standing firm against intimidation, ensuring that the rule of law and commuter safety remain paramount; and calls for continued constructive dialogue between the Department and all relevant stakeholders in the minibus taxi industry to find a long-term, amicable solution, noting that the current route closures are a temporary measure.

6. Mr D J Wessels: That the House notes the significant progress made by the Western Cape Department of Infrastructure on the R540 million upgrade of Louis Fourie Road in Mossel Bay, the largest road infrastructure investment in the Garden Route district, which remains on track for completion in August 2026; recognises that October is Transport Month, a time to reflect on the crucial role of road infrastructure in moving goods, supporting farmers, connecting communities and enabling access to essential services; highlights the DA-led Western Cape Government's approach to infrastructure delivery, which ensures roads are upgraded efficiently to boost economic activity, create employment opportunities and strengthen local and emerging enterprises; notes the strategic planning that has allowed critical works, such as dual carriageways, intersection upgrades, new bridges and pedestrian facilities, to progress while maintaining access for road users and local businesses; and reaffirms the importance of sustained investment in infrastructure as a driver of economic growth, service delivery and regional connectivity in the Western Cape.

7. Mr D J Wessels: That the House notes that access to basic services and housing is fundamental to a dignified life, and acknowledges the strong track record of the DA-led Western Cape Government in delivering these services over the past two decades; further notes that, between 2004 and 2024, the Western Cape achieved near-universal access to electricity (over 90%), refuse removal (95,2%), flush toilets (91,8%) and piped water (83,5%), outpacing national averages by up to 31,5%; recognises the continuing challenges in rural areas and informal settlements, where ageing infrastructure and insecure land tenure can lead to service disruptions, and commends the Department of Infrastructure for

its progress in delivering 132 705 housing opportunities over the past decade, including 74 272 houses and 58 666 serviced sites; acknowledges the pressures of fiscal constraints, COVID-19 disruptions and criminal interference in the construction sector, and welcomes the recovery signals of a 48% rebound in serviced sites and the issuance of 6 515 title deeds in 2024/25; further notes the surging housing demand, including a 14,6% provincial increase to 643 377 units and a 490,6% increase in the Central Karoo, and encourages the Department of Infrastructure to continue implementing innovative, evidence-based solutions to meet evolving population and economic needs; finally calls on all stakeholders to support and strengthen the momentum of service delivery and housing provision in the Western Cape in order to ensure that all residents can enjoy a dignified life in line with the DA's commitment to efficient, accountable and responsive governance.

8. Mr M K Sayed: That the House notes the release of the report on the George building collapse by the Council for the Built Environment and its partner entity, the Construction Industry Development Board, albeit 16 months after the tragedy, which claimed the lives of workers and caused untold suffering to their families; registers its concern at this undue delay, which undermines accountability, good governance and, more importantly, the humanitarian imperative of providing timely answers to grieving families; further notes with disappointment the lack of explanation on the legalities that allegedly prevented the contractor from being held accountable, and reiterates the view that treating the full forensic report as "sensitive" is an attempt to protect the guilty at the expense of the dignity and humanity of victims and their families; unequivocally supports the resolutions of the National Assembly Portfolio Committee on Public Works and Infrastructure of 17 September 2025, including that a multi-stakeholder meeting be convened with relevant departments and agencies to determine the root cause of the collapse, and that the continued absence of the national Minister of Public Works, the DA's Dean McPherson, from committee engagements be escalated to the Office of the Speaker of the National Assembly; rejects the position of the national Minister that the forensic report contains sensitive information to be viewed in camera only, as this undermines transparency and accountability to the community of George and the families of the victims; notes that the national Minister's attitude is no different to that of this provincial government that seeks to protect the DA-led George Municipality from any responsibility as the DA continues to play politics with the lives of people; therefore moves that the full report be released and discussed through a public process, led jointly by the National Assembly Portfolio Committee on Public Works and Infrastructure, at a suitably sized venue in George; and moves that the Premier of the Western Cape, within 10 days of this motion, provide this House, the George community and the broader public with a full account of the actions taken to address the role of the George Municipality, as outlined in the National Home Builders Registration Council (NHBRC) Report tabled in April 2025, in failing to implement proper building checks and balances that could have prevented this disaster, while his government refuses to release the report on the investigation that this legislature approved funding for.

9. Mr M K Sayed: That the House, in the spirit of South Africa's unwavering solidarity with the Palestinian people, calls on our government to demand the immediate release of all international activists detained by the criminal Israeli forces, including former ANC MP Mandla Mandela and award winning journalist Zukiswa Wanner; notes that Mandla Mandela had issued their plea for justice from aboard the Alma, part of the Global Sumud Flotilla, before it was unlawfully intercepted while delivering life-saving humanitarian aid to the besieged people of Gaza; strongly condemns Israel's actions in international waters,

which represent not only a violation of international law, but also an attack on global efforts to provide relief to a population facing genocide and collective punishment; while we positively note the statement issued by the Department of International Relations and Cooperation yesterday calling for restraint, calls on our government to intensify its efforts and do everything necessary to secure the immediate release of all detained activists and to ensure that the Global Sumud Flotilla, with its entire South African contingent including residents of the Western Cape, continues its journey unhindered to deliver much-needed aid to Gaza; and notes that now is the time for South Africans to push collectively for the ending of all trade with Israel, including here in the Western Cape.

10. Mr M B Ngqentsu: That the House notes with concern the prevalence of patriarchy in the Democratic Alliance, as reflected in the conduct of Ian Cameron, Chairperson of the Portfolio Committee on Police in the National Assembly, whose focus on Cape Town appears unrelated to addressing escalating violent crime, but rather undermines the authority of women leaders; condemns the behaviour that diminishes Benedicta van Minnen, Chairperson of the Western Cape Standing Committee on Police Oversight, Community Safety, Cultural Affairs and Sport, and Minister Anroux Marais, both constitutionally mandated to lead and engage on safety and governance matters; notes that, unless women in leadership positions are to be relegated to mere political ornaments, it is imperative that they be given full opportunity to exercise authority, engage with Members of the provincial legislature and participate meaningfully in public discourse; therefore calls for recognition, respect and amplification of women's leadership voices as a necessary step towards dismantling patriarchal practices and promoting gender equality in governance.

11. Mr M B Ngqentsu: That the House notes the large-scale coordinated seizure operation conducted by the South African Police Service's Commercial Crime Investigation unit on 30 September 2025, which targeted 26 addresses across the Cape Town metropolitan area; notes that this intervention followed information from a whistleblower and preliminary investigations by both the SAPS and the City of Cape Town Municipality relating to contracts worth approximately R1,6 billion that are now under investigation for alleged fraud and corruption; notes with deep concern that the addresses raided include the residences of municipal officials, business premises and locations linked to entities to whom lucrative contracts were awarded by the DA-led City of Cape Town Municipality, confirming that corruption in the City is widespread and systemic; commends the SAPS and all law enforcement stakeholders for their commitment to safeguarding public resources and for acting decisively to address corruption; condemns, in the strongest terms, the rampant corruption in the DA-led City of Cape Town; and calls for all those implicated in this alleged looting of public funds to be held fully accountable, without fear or favour.

12. Ms N D Nkondlo: That the House notes and welcomes the successful pro-Palestine protest that took place in Cape Town on 27 September 2025, and applauds the organisers for their commitment, and commends the thousands of people who came out in their numbers to raise their voices in solidarity with the people of Palestine; recognises the courage and unity of all sectors of society that participated, standing against the ongoing occupation, apartheid and ethnic cleansing being carried out in Gaza by the Zionist Israeli regime; laments the absence of the Democratic Alliance leadership and its Members of the provincial legislature at this march, a shameful omission that clearly demonstrates that the DA is aligned with Israel's apartheid project; notes that their silence and absence show that they remain lapdogs of blood-thirsty Zionists who are carrying out atrocities against the

Palestinian people; and condemns, in the strongest terms, the DA's continued support for Israeli aggression and crimes against humanity and declares that both the party and the Western Cape Government are complicit in the ongoing genocide in Gaza.

13. Ms P Z Lekker: That the House notes and expresses deep concern over the ongoing water shortages in the Downtown Informal Settlement in Philippi where installed taps often run dry during the day, forcing residents to collect water late at night or early in the morning; notes that this situation has a severe impact on families, particularly children and vulnerable households; while noting that the City of Cape Town has deployed maintenance teams to address the problem, calls for urgent and sustained action to ensure water infrastructure is fully functional and accessible throughout the day; and further urges the City to improve communication with affected communities, to provide regular updates on water supply and to implement long-term solutions to prevent future shortages, including a comprehensive review of water systems in informal settlements across the Western Cape.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 8); Ms A P Bans (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms B Stoffel (p 8); Ms P Z Lekker (p 8); Mr G Brinkhuis (p 10); Mr D G Jacobs (p 10); Ms N Mbombo (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Ms W F Kaizer-Philander (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms A P Bans (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms A Cassiem (p 11); Mr N P Masipa (p 12); Mr D W Bryant (p 12); Mr F Kamfer (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Mr M K Sayed (p 13); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Ms P Z Lekker (p 13); Ms B Stoffel (p 13); Mr D G Jacobs (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Mr D G Jacobs (p 15); Mr G Brinkhuis (p 15); Mr B Ngqentsu (p 16); Ms N D Nkondlo (p 16); Mr G Brinkhuis (p 17); Mr B Ngqentsu (p 17); Ms P Z Lekker (p 18); Mr B Ngqentsu (p 18); Ms N D Nkondlo (p 18); Mr B Ngqentsu (p 24); Ms R Windvogel (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A P Bans (p 24); Mr M K Sayed (p 25); Ms A P Bans (p 25); Ms B Stoffel (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr F Kamfer (p 25); Ms A P Bans (p 26); Ms P Z Lekker (p 26); Ms R Windvogel (p 26); Mr B Ngqentsu (p 27); Mr M K Sayed (p 27); Mr B Ngqentsu (p 28); Ms A P Bans (p 28); Ms P Z Lekker (p 29); Ms R Windvogel (p 29).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DONDERDAG, 13 NOVEMBER 2025

**HUIS: 10:00**

**VOORSTELLE**

1. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat, nieteenstaande die bepaling van Reël 18, die ure van die sitting op Donderdag, 13 November 2025, van 10:00 tot verdaging sal wees.

2. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat mnr Kobus Marais ingevolge artikel 4(k) van die Wet op die Bestuur van die Kasteel, 1993, aangestel word om in die Kasteelbeheerraad te dien as die verteenwoordiger van die provinsiale wetgewer vir die Wes-Kaap.

3. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis, ooreenkomstig Reël 119(1) van die Staande Reëls, 'n Ad hoc-komitee oor Kinderbeskermingshervorming tot stand bring om wetgewende en beleidsvoorstelle te oorweeg en te ontwikkel wat daarop gemik is om kinderbeskerming en -veiligheid in die Wes-Kaap te versterk, insluitende die hersiening van die implementeringsgapings, wetlike raamwerke en institusionele reëlings wat in die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling se Verslag oor Skakelings met Verskeie Belanghebbendes oor Kinderbeskerming geïdentifiseer is wat op 2 September 2025 in die Huis ter tafel gelê is (ATK 88 van 2025).

   Die Komitee moet, binne sy mandaat, met tersaaklike departemente, staatsorgane, burgerlikesamelewingsorganisasies en kundiges oorleg pleeg om gebiede te identifiseer waar provinsiale wetgewing, beleidsbelyning of interregeringsmeganismes verbeter kan word om die beskerming en welstand van kinders te verbeter.

   Die Komitee bestaan uit 11 Lede, aangestel ooreenkomstig Reël 120 van die Staande Reëls, met lidmaatskap volg toegeken:
   Demokratiese Alliansie – 6 Lede
   African National Congress – 1 Lid
   Patriotic Alliance – 1 Lid
   Ekonomiese Vryheidsvegters – 1 Lid

Kleiner partye (National Coloured Congress, Vryheidsfront Plus, Al Jama-ah, African Christian Democratic Party en GOOD) – 2 Lede

Die Komitee moet gereeld aan die Huis verslag doen oor sy vordering en hy moet ʼn finale verslag wat bevindings en wetgewende aanbevelings bevat, na afloop van sy werksaamhede voorlê.

Die name van die Lede wat die bogenoemde politieke partye verteenwoordig, moet so gou as moontlik aan die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement voorgelê word vir publikasie in die Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae (ATK).

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr B Petrus
Me D R Stephens
Mnr M K Sayed
Mnr B N Herron
Mnr M Booysen
Mnr D W Bryant
Me N D Nkondlo

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**UITVOERENDE VERKLARING – Mnr A R Winde, Premier**

**VOORSTELLE *(Vervolg)***

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Me W F Kaizer-Philander: Die versuim van die nasionale regering om toereikend aandag te skenk aan die sistemiese kwessies wat tot die vlaag kindermoorde in die Wes-Kaap aanleiding gee.

**DAGORDERS**

1. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie (“Public Administration Management Amendment Bill”) [W 10B–2023] (NRVP), gedateer 24 Oktober 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 Oktober 2025, bl 425). (Bekragtiging van finale mandaat.)
2. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Staatsdienswysigingswetsontwerp (“Public Service Amendment Bill”) [W 13B–2023] (NRVP), gedateer 24 Oktober 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 November 2025, bl 425) (Bekragtiging van finale mandaat.)
3. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wetsontwerp op die Onafhanklike Munisipale Afbakeningsowerheid (“Independent Municipal Demarcation Authority Bill”) [W 14D–2022] (NRVP), gedateer 3 November 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 November 2025, bl 426)(Bekragtiging van finale mandaat.)

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr F Kamfer: Dat die Huis die voortgesette behuisingskrisis in Hanover Park debatteer.

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Me B M van Minnen: Dat die Huis met skok en kommer kennis neem van teenstrydigheid tussen die aanvanklike verklaring van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) verlede week met betrekking tot die onlangse operasie en inhegtenisnemings in Bellville, en die amptelike saakdossier met betrekking tot die voorval; kennis neem dat die SAPD eers verslag gedoen het dat 8 verdagtes in hegtenis geneem en op 8 onwettige vuurwapens beslag gelê is, maar die dossier maak net melding van 6 verdagtes, 6 AK-47-gewere en 6 pistole – wat ernstige vrae wek oor die integriteit van die prosedures vir saakprosessering en die ketting van inhegtenisneming; kennis neem dat hierdie voorval dalk net een voorbeeld van die huidige tekortkomings met die suksesvolle prosessering van ernstige voorvalle is; verder kennis neem dat, ten spyte van die erns van die inhegtenisnemings, die verdagtes gevolglik vrygelaat is, wat 'n sistemiese versuim beklemtoon waar inhegtenisnemings nie met suksesvolle vervolgings gepaard gaan nie; erkenning gee dat onwettige vuurwapens steeds vrylik in gemeenskappe in die Wes-Kaap sirkuleer, en bendegeweld, afpersing en moord aanwakker, deels omdat die vervolgingskoers vir die besit van onwettige vuurwapens steeds 'n skokkende 5% is; erkenning gee dat, sonder behoorlike opvolg – insluitende deeglike ondersoeke, waterdigte saakdossiere, bevoegde vervolgings en sterk skuldigbevindings tot by die bopunt van die kriminele waardeketting – selfs die mees belowende operasies nie 'n blywende impak sal lewer nie en eerder net verligting van korte duur bied; en 'n beroep doen op dringende polisiehervorming, insluitende die afwenteling van polisiëringsmagte, om provinsiale toesig en verantwoordingspligtigheid te verseker, om te verhoed dat sulke prosesversuime weer voorkom en om openbare vertroue in die regstelsel te herstel.

2. Me B M van Minnen: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem dat dit nou 21 dae is sedert die Waarnemende Minister van Polisie, Firoz Cachalia, 'n hulpbronplan vir die 13 prioriteitspolisiëringsgebiede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in die Wes-Kaap geëis het – en dat geen plan van daardie aard nog verskaf is nie; verder kennis neem dat, in hierdie tyd, meer kinders slagoffers van bendeverwante geweld in ons strate was, namate netwerke vir georganiseerde misdaad steeds ongestraf voortgaan met bedrywighede terwyl misdaadbekampingshulpbronne steeds afwesig is; erkenning gee dat nagenoeg 90% van bendeverwante moorde in Suid-Afrika in die Wes-Kaap voorkom, maar dat die SAPD nie daarin geslaag het om sy teenwoordigheid in die provinsie te versterk nie – met die polisiepersoneelsyfer wat van nagenoeg 20 000 beamptes in 2016 na net 18 000 in 2022 gedaal het, ten spyte van 'n bevolkingstoename van 11,8% in dieselfde tydperk; dus 'n beroep doen op die volgende dringende optrede: dat die SAPD onmiddellik 'n omvattende hulpbronplan vir die Wes-Kaapse se 13 toppolisiëringsgebiede ter tafel lê en implementeer, soos reeds deur die Waarnemende Minister versoek is, en dat bevoegde munisipaliteite, met bewese prestasies in die implementering van plaaslike veiligheidsoplossings, die nodige bevoegdhede en befondsing toegestaan word om hul pogings uit te brei en 'n groter rol in plaaslike wetstoepassing te speel; en bevestig dat hierdie Huis nie sal bystaan terwyl burokratiese wanoptrede steeds die lewens van onskuldige inwoners in gevaar stel nie.

3. Me B M van Minnen: Dat die Huis kennis neem van en die ondersteuning verwelkom van die Amptelike Opposisie vir 'n voorstel aan die Wes-Kaapse provinsiale regering; verder kennis neem van die beroep deur die Amptelike Opposisie vir dringende, gekoördineerde optrede deur wetstoepassing, staatsdepartemente en gemeenskapstrukture om aandag te skenk aan die veiligheidskrisisse wat die mense van die Wes-Kaap in die gesig staar; verder kennis neem van hul beroep op versterkte polisiëringstrategieë, verbeterde

intelligensie-operasies, ondersteuning vir weerlose gemeenskappe en voorkomende ingrypings; erkenning gee dat baie hiervan volkome binne die SAPD en die nasionale regering se mandaat is, en dus buite die grondwetlike mandaat van die provinsiale regering; dus die duidelike veranderde gesindheid van die Amptelike Opposisie verwelkom, soos in hul voorstel weerspieël; en die nasionale ANC-regering aanspoor om die leiding van hul provinsiale ampsgenote te volg deur die beroep op die afwenteling van sekere polisiëringsbevoegdhede na die Wes-Kaap duidelik te steun.

4. Mnr T C R Walters: Dat die Huis kennis neem van die onlangse besoek van die Premier van die Wes-Kaap aan die Verenigde State van Amerika; kennis neem van die onlangse besoek van die Minister van Infrastruktuur aan Brasilië; verder kennis neem dat hierdie besoeke die moontlikheid het om tasbare voordele vir die Wes-Kaap sowel as Suid-Afrika in te hou; erkenning gee dat hierdie besoeke die konstruktiewe manier beklemtoon waarop die Wes-Kaapse Regering nou saam met die nasionale regering gewerk het om geleenthede te bevorder wat bydra om ’n beter Suid-Afrika te bou; en besluit dat die Huis uitsien om ’n volledige inligtingsessie oor die besoeke te ontvang ooreenkomstig Reël 146 (Uitvoerende Verklarings) van die Staande Reëls van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement.

5. Prof N Mbombo: Dat die Huis kennis neem van die beslissende optrede deur die Wes-Kaapse Departement van Mobiliteit onder leiding van Minister Isaac Sileku om gevaarlike taxiroetes te sluit waar gewelddadige botsings tussen die mededingende verenigings, Codeta en Cata, plaasgevind het; verder kennis neem dat die Minister binne sy duidelike wetlike mandaat opgetree het, soos in die Wet op Nasionale Padvervoer (“National Land Transport Act”) uiteengesit, om pendelaars se veiligheid te prioritiseer, en dat, ten spyte van Codeta se bewerings in die hof oor finansiële verliese, wat verstaanbaar is, geen amptelike klagtes ontvang is met betrekking tot pendelaars wat gestrand of beroof is, of wat nie by die werk kon kom nie, omdat alternatiewe veilige vervoerreëlings vinnig geïmplementeer is; erkenning gee aan die Departement se toewyding om pendelaars se lewens en veiligheid eerste te plaas; die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering aanprys vir die ferm stand teen intimidasie, wat toesien dat die oppergesag van die reg en pendelaarveiligheid steeds van die allergrootste belang is; en ’n beroep doen op voortgesette konstruktiewe beraadslaging tussen die Departement en alle toepaslike belanghebbendes in die minibustaxibedryf om ’n langtermyn-, vriendskaplike oplossing te vind, met kennisname dat die huidige roetesluitings ’n tydelike maatreël is.

6. Mnr D J Wessels: Dat die Huis kennis neem van die beduidende vordering wat die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur gemaak het met die R540 miljoen-opgradering van Louis Fourieweg in Mosselbaai, die grootste padinfrastruktuurbelegging in die Tuinroete-distrik, wat steeds op dreef is vir voltooiing in Augustus 2026; erkenning gee dat Oktober Vervoermaand is, ’n tyd om na te dink oor die uiters belangrike rol van padinfrastruktuur om goedere te vervoer, boere te ondersteun, gemeenskappe te verbind en toegang tot noodsaaklike dienste moontlik te maak; die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering se benadering tot infrastruktuurlewering beklemtoon, wat toesien dat paaie doeltreffend opgradeer word om ekonomiese aktiwiteit te versterk, werkgeleenthede te skep, en plaaslike en opkomende ondernemings te versterk; kennis neem van die strategiese beplanning wat toegelaat het dat kritieke werk, soos dubbelbaanpaaie, kruisingopgraderings, nuwe brûe en voetgangerfasiliteite, vorder terwyl toegang vir padgebruikers en plaaslike sakeondernemings handhaaf word; en die belangrikheid van volgehoue belegging in infrastruktuur herbevestig as ’n dryfkrag vir ekonomiese groei, dienslewering en streeksverbinding in die Wes-Kaap.

7. Mnr D J Wessels: Dat die Huis kennis neem dat toegang tot basiese dienste en behuising die grondslag vir ’n waardige lewe is, en erkenning gee aan die sterk prestasie van die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering wat hierdie dienste oor die afgelope twee dekades gelewer het; verder kennis neem dat die Wes-Kaap tussen 2004 en 2024 byna universele toegang tot elektrisiteit (meer as 90%), vullisverwydering (95,2%), spoeltoilette (91,8%) en waterpypleiding (83,5%) behaal het, wat nasionale gemiddeldes met tot 31,5% verbysteek; erkenning gee aan die voortgesette uitdagings in plattelandse gebiede en informele nedersettings, waar verouderde infrastruktuur en onsekere eiendomsreg diensonderbrekings kan veroorsaak, en die Departement van Infrastruktuur aanprys vir sy vordering met die lewering van 132 705 behuisingsgeleenthede oor die afgelope dekade, insluitende 74 272 huise en 58 666 gediensde persele; erkenning gee aan die druk van fiskale beperkings, COVID-19-onderbrekings en kriminele inmenging by die konstruksiesektor, en die hersteltekens van ’n 48%-herstel in gediensde persele en die uitreiking van 6 515 titelaktes in 2024/25 verwelkom; verder kennis neem van die skerp stygende behuisingsaanvraag, insluitende ’n 14,6%- provinsiale styging tot 643 377 eenhede en ’n 490,6%-toename in Sentraal-Karoo, en die Departement van Infrastruktuur aanmoedig om voort te gaan om innoverende, bewysgegronde oplossings te implementeer om te voldoen aan die behoeftes van die ontwikkelende bevolking en ekonomie; en laastens ’n beroep doen alle belanghebbendes om die momentum van dienslewering en behuisingsvoorsiening in die Wes-Kaap te ondersteun en versterk om sodoende toe te sien dat alle inwoners ’n waardige lewe in lyn met die DA se verbintenis tot doeltreffende, verantwoordingspligtige en responsiewe bestuurstoesig kan geniet.

8. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem van die vrystelling van die verslag oor die gebou-ineenstorting in George deur die Raad vir die Bou-omgewing en sy vennootentiteit, die Ontwikkelingsraad van die Konstruksiebedryf, hoewel dit 16 maande ná die tragedie is, wat die lewens van werkers geëis het en hul families onmeetbare lyding besorg het; kommer uitspreek oor hierdie onbehoorlike vertraging, wat verantwoordingspligtigheid, goeie bestuurstoesig en, meer belangrik, die humanitêre opdrag om tydige antwoorde aan treurende families te verskaf, ondermyn; verder met teleurstelling kennis neem van die gebrek aan verduideliking van die regsgeldigheid wat na bewering verhoed het dat die kontrakteur verantwoordbaar gehou word, en die siening beklemtoon dat, om die volledige forensiese verslag as “sensitief” te behandel, ’n poging is om die skuldiges ten koste van die waardigheid en menslikheid van slagoffers en hul families te beskerm; die besluite van die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Openbare Werke en Infrastruktuur op 17 September 2025 onomwonde steun, insluitende dat ’n vergadering met toepaslike departemente en agentskappe belê word om die hoofoorsaak van die ineenstorting te bepaal, en dat die voortgesette afwesigheid van die nasionale Minister van Openbare Werke, die DA se Dean McPherson, by komiteeskakelings na die Kantoor van die Speaker van die Nasionale Vergadering geëskaleer sal word; die stand van die nasionale Minister verwerp dat die forensiese verslag sensitiewe inligting bevat wat net in camera besigtig kan word, aangesien dit deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid aan die gemeenskap van George en die slagoffers se families ondermyn; kennis neem dat die nasionale Minister se houding dieselfde is as hierdie provinsiale regering se houding wat die DA-beheerde George-munisipaliteit teen enige verantwoordingspligtigheid wil beskerm terwyl die DA steeds politiek met mense se lewens speel; dus voorstel dat die volledige verslag vrygestel word en deur ’n openbare proses bespreek word, wat gesamentlik deur die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Openbare Werke en Infrastruktuur gelei word, by ’n plek met voldoende ruimte in George; en voorstel dat die Premier van die Wes-Kaap, binne

10 dae ná hierdie voorstel, aan hierdie Huis, die George-gemeenskap en die breër publiek ’n volledige beskrywing verskaf van die stappe wat gedoen is om aan die rol van die George-munisipaliteit aandag te skenk, soos in die Verslag van die Nasionale Huisbouers-registrasieraad (“National Home Builders Registration Council” of NHBRC) wat in April 2025 ter tafel gelê is, wat versuim het om behoorlike wigte en teenwigte vir bouwerk te implementeer wat hierdie ramp kon verhoed, terwyl sy regering weier om die verslag oor die ondersoek vry te stel waarvoor hierdie wetgewer befondsing goedgekeur het.

9. Mnr M K Sayed: Dat die Huis, in die gees van Suid-Afrika se onwrikbare eensgesindheid met die Palestyne, ’n beroep doen op ons regering om die onmiddellike vrylating van alle internasionale aktiviste te eis wat deur Israelse magte aangehou word, insluitende die voormalige ANC LP Mandla Mandela en die bekroonde skrywer Zukiswa Wanner; kennis neem dat Mandla Mandela hul pleidooi om geregtigheid aan boord die Alma, deel van die Global Sumud-flottielje, gelewer het voordat dit onwettig onderskep is terwyl lewensnoodsaaklike humanitêre hulp aan die beleërde mense van Gasa afgelewer is; Israel se optrede in internasionale water ten sterkste veroordeel, wat nie net ’n oortreding van internasionale reg is nie, maar ook ’n aanval op internasionale pogings om verligting te verskaf aan ’n bevolking wat volksmoord en kollektiewe straf die hoof moet bied; terwyl ons positief kennis neem van die verklaring wat die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking gister uitgereik het wat ’n beroep doen op selfbeheersing, ’n beroep doen op ons regering om sy pogings te versterk en alles te doen wat nodig is om die onmiddellike vrylating te bewerkstellig van alle aktiviste wat in aanhouding is, en om toe te sien dat die Global Sumud-flottielje, met sy volledige Suid-Afrikaanse afgevaardigdes insluitende inwoners van die Wes-Kaap, sy reis ongestoord voortsit om noodsaaklike hulpbronne vir Gasa af te lewer; en kennis neem dat dit nou tyd is dat Suid-Afrikaners gesamentlik aandring op die beëindiging van alle handel met Israel, insluitende hier in die Wes-Kaap.

10. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis met kommer kennis neem van die voorkoms van patriargie in die Demokratiese Alliansie, soos weerspieël in die gedrag van Ian Cameron, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Polisie in die Nasionale Vergadering, wie se fokus op Kaapstad blykbaar nie verwant is daaraan om aandag te skenk aan stygende geweldsmisdaad nie, maar eerder die bevoegdheid van vroueleiers ondermyn; die gedrag veroordeel wat Benedicta van Minnen, Voorsitter van die Wes-Kaapse Staande Komitee oor Polisie-Toesig, Gemeenskapsveiligheid, Kulturele Sake en Sport en Minister Anroux Marais, wat albei ’n grondwetlike mandaat het om veiligheids- en bestuurstoesigaangeleenthede te lei en daaroor te skakel, verkleineer; kennis neem dat, tensy vroue in leierskapsposisies bloot as politieke ornamente beskou word, dit noodsaaklik is dat hulle die volle geleentheid gegun word om bevoegdheid uit te oefen, met Lede van die provinsiale wetgewer te skakel en op betekenisvolle wyse aan openbare diskoers deel te neem; dus ’n beroep doen op die erkenning, respek en die versterking van vroue se leierskapstemme as ’n nodige stap vir die aftakeling van patriargiepraktyke en die bevordering van geslagsgelykheid in bestuurstoesig.

11. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van die grootskaalse gekoördineerde beslagleggingsoperasie wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens se Ondersoekeenheid vir Kommersiële Misdade op 30 September 2025 uitgevoer het, wat 26 adresse in die Kaapstadse metropolitaanse gebied geteiken het; kennis neem dat hierdie ingryping kom ná inligting van ’n fluitjieblaser en voorlopige ondersoeke deur die SAPD sowel as die Stad Kaapstad-munisipaliteit wat verband hou met kontrakte wat nagenoeg R1,6 miljard werd is, en nou vir beweerde bedrog en korrupsie ondersoek word; met diepe kommer kennis neem dat die

adresse waar die klopjag uitgevoer is, die wonings van munisipale amptenare, sakepersele en liggings is wat gekoppel word aan entiteite aan wie die DA-beheerde Stad Kaapstad-munisipaliteit winsgewende kontrakte toegestaan het, wat bevestig dat korrupsie by die Stad wydverspreid en sistemies is; die SAPD en alle wetstoepassingsbelanghebbendes aanprys vir hul toewyding om staatshulpbronne te beskerm en om beslissend op te tree om aan korrupsie aandag te skenk; die buitensporige korrupsie in die DA-beheerde Stad Kaapstad ten sterkste veroordeel; en ’n beroep doen dat almal wat by hierdie beweerde plundering van staatsfondse betrek word, onbevooroordeeld ten volle verantwoordbaar gehou word.

12. Me N D Nkondlo: Dat die Huis kennis neem van en die suksesvolle pro-Palestina-protesoptog verwelkom wat op 27 September 2025 in Kaapstad plaasgevind het, en die organiseerders loof vir hul toewyding, en die duisende mense aanprys wat in groot getalle opgedaag het om hul stemme te laat hoor in eensgesindheid met die mense van Palestina; erkenning gee aan die moed en eenheid van alle sektore van die samelewing wat deelgeneem het, en teen die voortslepende okkupasie, apartheid en etniese reiniging staan wat die Sionistiese Israelse regering in Gasa uitvoer; die afwesigheid van die Demokratiese Alliansie se leiers en sy Lede van die provinsiale wetgewer by hierdie optog betreur, ’n skandelike weglating wat duidelik toon dat die DA met Israel se apartheidsprojek belyn is; kennis neem dat hul stilte en afwesigheid toon dat hulle steeds skoothonde van bloeddorstige Sioniste is wat gruweldade teen die Palestyne pleeg; en die DA se voortgesette ondersteuning van Israelse aanvalle en misdade teen die mensdom ten sterkste veroordeel en verklaar dat die party sowel as die Wes-Kaapse Regering medepligtig is by die voortslepende volksmoord in Gasa.

13. Me P Z Lekker: Dat die Huis kennis neem van en diepe kommer uitspreek oor die voortgesette watertekorte in die Downtown- informele nedersetting in Philippi waar geïnstalleerde krane dikwels deur die dag droog is, wat inwoners dwing om saans laat of soggens vroeg water te gaan haal; kennis neem dat hierdie situasie ’n ernstige impak op families het, veral kinders en weerlose huishoudings; terwyl daar kennis geneem word dat die Stad Kaapstad instandhoudingspanne ontplooi het om aan die probleem aandag te skenk, ’n beroep doen op dringende en volgehoue optrede om toe te sien dat water-infrastruktuur die hele dag heeltemal werkend en toeganklik is; en die Stad verder aanspoor om kommunikasie te verbeter met gemeenskappe wat geraak word, om gereelde opdaterings oor watervoorsiening te verskaf en om langtermynoplossings te implementeer om toekomstige tekorte te voorkom, insluitende ’n omvattende hersiening van waterstelsels in informele nedersettings in die Wes-Kaap.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 8); Me A P Bans (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me B Stoffel (bl 8); Me P Z Lekker (bl 8); Mnr G Brinkhuis (bl 10); Mnr D G Jacobs (bl 10); Me N Mbombo (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Me W F Kaizer-Philander (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me A Cassiem (bl 11); Mnr N P Masipa (bl 12); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr F Kamfer (bl 12); Me A P Bans (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Mnr M K Sayed (bl 13); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Me P Z Lekker (bl 13); Me B Stoffel (bl 13); Mnr D G Jacobs (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Mnr D G Jacobs (bl 15); Mnr G Brinkhuis (bl 15); Mnr B Ngqentsu (bl 16); Me N D Nkondlo (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 17); Mnr B Ngqentsu (bl 17); Me P Z Lekker (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 18); Me N D Nkondlo (bl 18); Mnr B Ngqentsu (bl 24); Me R Windvogel (bl 24); Me N D Nkondlo (bl 24); Me P Z Lekker (bl 24); Me A P Bans (bl 24); Mnr M K Sayed (bl 25); Me A P Bans (bl 25); Me B Stoffel (bl 25); Me P Z Lekker (bl 25); Mnr F Kamfer (bl 26); Me A P Bans ( 26); Me P Z Lekker (bl 26); Me R

Windvogel (bl 26); Mnr B Ngqentsu (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 27); Mnr M K Sayed (bl 28); Mnr B Ngqentsu (bl 28); Me A P Bans (bl 29); Me P Z Lekker (bl 29); Me R Windvogel (bl 30).